



**4 Junie 2002**

Posbus 1615  
Bethlehem, 9700  
Tel/Faks: (058) 303 9640

**BESTUURSINLIGTING**

## **KORINGVOORUITSIGTE LYK GOED**

*Die vooruitsigte vir die komende koringseisoen lyk tans baie belowend. Goeie reën het tot gevolg dat planttoestande redelik ideaal is en die pryse wat vir Desember 2002 in die vooruitsig gestel word is boverwagting hoog. Hoewel 'n skerp styging in uitgawes verwag word, kan boere steeds 'n wins behaal wat hoër as die gemiddeld van die afgelope vyf jaar is.*

# **NUUSBERIG**

Die tabel wat hierby ingesluit is bevat gegewens oor die gemiddelde koringsyfers van boere in die Oos-Vrystaat vir die afgelope vyf jaar, die werklike syfers van die afgelope koringseisoen (2001/2002), die begrote syfers van die afgelope seisoen en die begrote syfers van die komende seisoen (2002/2003). Daarvolgens kan boere 'n wins van R1042.00 per hektaar verwag indien hulle opbrengs gelykstaande aan dié van die afgelope vyf jaar se gemiddeld is, naamlik 2.3 ton/ha. Die pasafgelope seisoen was die gemiddelde opbrengs 2.8 ton/ha wat redelik bo die gemiddelde opbrengs is. Die boverwagte goeie pryse het saam met die goeie opbrengs daartoe gelei dat die afgelope koringseisoen in werklikheid baie beter gevaar het as wat verwag was toe die begroting in Mei 2001 opgestel was.

### **Weervooruitsigte**

Die goeie reën wat gedurende Mei oor 'n groot deel van die Oos-Vrystaat geval het, het die plantvooruitsigte van koring gedurende Junie/Julie 'n goeie hupstoot gegee.

Ongeveer 40 mm is oor 'n breë front gemeet en daar is genoeg vog om die koring te laat ontkiem en tot in die lente te laat groei. Die deurslag sal uiteraard in Oktober en November aan die komende koringoes gegee word.

Hoewel daar baie spekulاسie oor 'n El-Nino vir die komende seisoen is, is daar op hierdie stadium nog geen besliste aanduidings dat 'n El-Nino ontwikkel het nie. Die volgende twee maande sal bepalend vir die ontwikkeling van hierdie verskynsel wees.

Indien 'n El-Nino wel tot stand kom, behoort dit nie 'n wesentlike effek op die koringoes te hê nie. Vorige verskynsels het gewoonlik tot goeie lentereën in Oktober en November gelei waarna die reënval dan skerp in die somermaande (Desember, Januarie en Februarie) afgeneem het. Die moontlikheid is egter nooit uitgesluit dat die koring welig kan groei as gevolg van die goeie winterreën nie en dan swaar kan kry as die lentereën tot aan die einde van Oktober wegbly.

## **Opbrengrs**

Die opbrengrs word grootliks deur klimaat bepaal. As die klimaat dus saamspeel kan 'n goeie opbrengrs verwag word. Dit wil ook voorkom of die kultivars wat tans beskikbaar is tot 'n redelike mate bestand is teen roes en luise. Daar was egter die afgelope seisoen 'n probleem met sekere kultivars ondervind wat, ten spyte van die goeie klimaatstoestande, nie die opbrengrs opgelewer het as wat daar verwag was nie. As geen nuwe pes of plaag dus sy verskyning maak nie behoort daar nie probleme met die opbrengrs te wees nie.

## **Prys**

Pyse lyk tans baie belowend en die Safex-prys was by die opstel van hierdie artikel net meer as R1800 per ton vir Desember gewees. Die wêreldwye surplusse van twee seisoene gelede is grootliks weggewerk en daar kan tans eerder tekorte voorkom as gevolg van minder gunstige klimaatstoestande in die VSA. Boere in die Oos-Vrystaat behoort 'n siloprys van ten minste R1600.00 onder die huidige omstandighede te behaal en moet die prysbewegings dus dophou vir prysdalings. Solank die prys bly waar hy is, of selfs styg, is dit nie nodig om kontrakte aan

te gaan nie maar sodra die prys 'n dalende neiging begin toon moet die boer sy bemarkingsplan in werking stel.

## **Uitgawes**

Uitgawes wat aan die wisselkoers gekoppel is (kunsmiss, oesversekering en meganisasielkoste) het sedert die vorige seisoen skerp gestyg. Daar word verwag dat totale uitgawes met R614.00 per hektaar gedurende die komende seisoen sal styg wat tot 'n groot mate daarvoor verantwoordelik is dat die wins teenoor die afgelope seisoen gaan daal. Ten spyte hiervan, behoort boere steeds die ruimte te hê om die stygende uitgawes te absorbeer omdat die prysvooruitsigte redelik goed is. Hierdie stelling kan gemaak word indien die opbrengrs gelykstaande aan die medium termyn se gemiddeld is. As die opbrengrs nie hieraan voldoen nie sal die wins uiteraard onder druk kom.

---

*Philip Theunissen*  
*Bethlehem; Junie 2002*

## KORING

	1	2	3	4	5	6
	5 jr Gemiddeld	2002 Begroot	2002 Werklik	Afwyking (3-2)	2003 Begroot	Afwyking (5-3)
	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha
Koring: Produkverkope	2119	3000	3596	596	3680	84
Koring: Versekering ontvang	142	0	101	101	0	-101
Koring: Ander Inkomste & Voer	41	0	5	5	0	-5
<b>TOTALE INKOMSTE</b>	<b>2302</b>	<b>3000</b>	<b>3703</b>	<b>703</b>	<b>3680</b>	<b>-23</b>
						0
Koring: Saad	97	140	88	-52	117	29
Koring: Bemesting	293	340	395	55	511	116
Koring: Onkruidbeheer	71	70	87	17	75	-12
Koring: Plaagbeheer	77	60	107	47	110	3
Koring: Droog, Skoon & Berg	28	0	40	40	0	-40
Koring: Bemarking	9	0	12	12	0	-12
Koring: Oesversekering	200	507	284	-223	676	392
Koring: Stroopkoste	66	130	86	-44	160	74
Koring: Suijkoste	48	65	64	-1	75	11
Koring: Vervoerkoste	10	0	22	22	0	-22
Koring: Losarbeid	3	0	2	2	0	-2
Koring: Direkte Brandstof	8	0	0	0	0	0
Koring: Direkte Reparasies	3	0	1	1	0	-1
Koring: Verpakking	0	0	0	0	0	0
<b>TOTALE DIREKTE UITGAWES</b>	<b>913</b>	<b>1312</b>	<b>1189</b>	<b>-123</b>	<b>1724</b>	<b>535</b>
						0
Finansieringskoste toegedeel	113	60	101	41	84	-17
Permanente arbeid toegedeel	163	76	191	116	92	-99
Reparasies & Brandstof toegedeel	399	607	543	-64	738	195
<b>TOEGEDEELDE UITGAWES</b>	<b>676</b>	<b>743</b>	<b>835</b>	<b>92</b>	<b>914</b>	<b>79</b>
<b>TOTALE UITGAWES</b>	<b>1589</b>	<b>2055</b>	<b>2024</b>	<b>-31</b>	<b>2638</b>	<b>614</b>
<b>VERTAKKINGSMARGE</b>	<b>713</b>	<b>945</b>	<b>1678</b>	<b>733</b>	<b>1042</b>	<b>-636</b>
<b>PRODUKSIE (Ton/ha)</b>	<b>2.3</b>	<b>2.5</b>	<b>2.8</b>	<b>0.3</b>	<b>2.3</b>	<b>-1</b>
<b>PRYS/EENHEID (R/ton)</b>	<b>990</b>	<b>1200</b>	<b>1322</b>	<b>122</b>	<b>1600</b>	<b>278</b>